Vir die spesiale uitgawe van Die Burger in verband met die U. S.- eeufees. — H. B. Th.
2 Sept. 1966.

191. A -1 (55)

# TOEKOMSBLIK

Deur Professor H.B. Thom, Rektor,
Universiteit van Stellenbosch

---

Ofskoon 'n mens jou nie aan onverantwoordelike voorspellinge wil waag nie, het jy seker reg en rede om te vra: In die lig van die lang pad wat die Universiteit van Stellenbosch tot vandag toe geloop het, hoe sien ons die toekoms van hierdie inrigting?

Die geskiedenis van die ontstaan van die Universiteit toon duidelik aan dat die stigters 'n inrigting beoog het wat vir die intellektuele ontwikkeling van ons jongmense sou sorg, maar wat hom terselfdertyd vir die versterking van karakter en leierskapskwaliteite sou beywer. Daar moes vir 'n deeglike, harmoniese, volle opvoeding gesorg word, in ooreenstemming met die aanvaarde Christelike lewensopvatting van die Afrikaner. Só het die Universiteit ontstaan, en só is sy karakter dan ook tot op die huidige dag gehandhaaf. Dit hoef ons dus nie te verwonder nie dat die Universiteit gaandeweg in die volksmond die naam Volksuniversiteit verwerf het. Dit alles getuig van 'n besonder sterk volksgebondenheid van die Stellenbosse hoër onderwys.

Kyk ons vorentoe, dan skyn dit duidelik te wees dat ons in die toekoms 'n projeksie van die verlede gaan kry. 'n Universiteit wat op sodanige wyse 'n organiese eenwording met sy eie gemeenskap deurleef het, kan immers nie maklik daarvan losgemaak word nie en Stellenbosch sal volksgebonde bly. In onderrig in klaskamers, in navorsing in laboratoria, in besprekings in verenigings, in huisvergaderings in koshuise, in spele op die sportvelde - oral sal hy Afrikaans georiënteer wees. Stellenbosch sal vir die Afrikanervolk 'n kragbron en denkbron moet wees en bly; die dag as hy dit nie meer is nie, sal die eerste en vernaamste rede vir sy bestaan verdwyn het. So 'n stelling impliseer vanselfsprekend niks ongunstigs of vyandigs teenoor anderstaliges nie, dog dit lê slegs klem op die vernaamste plig wat Stellenbosch, ooreenkomstig sy geskiedenis, in die toekoms moet vervul.

Ten gevolge van die behoeftes van jong Afrikaners, en van ons volk in die algemeen, het daar met verloop van tyd elf fakulteite aan die Universiteit ontstaan sodat Stellenbosch, wat die verskeidenheid van sy studierigtinge en opleidingsgeriewe betref, onder Suid-Afrikaanse universiteite vandag ongetwyfeld een van die voorstes is. In die jare wat voorlê, kan ons verwag dat daar in sekere fakulteite 'n geleidelike groeitempo gehandhaaf sal word, maar dat in ander fakulteite werklik 'n skouspelagtige ontwikkeling sal plaasvind. Onder laasgenoemdes val veral die fakulteite van Ingenieurswese en Geneeskunde: vanweë die dringende behoeftes van ons jongmense sal groot nuwe geboukomplekse vir hierdie fakulteite opgerig moet word, en die Universiteitsraad het dan ook al dienooreenkomstig besluit. Die nuwe ingenieursgeboue sal op die bekende Ou Gholfbaan op Stellenbosch verrys, en die geneeskunde-geboue by die groot nuwe opleidingshospitaal wat tans in Tiervlei in aanbou is.

Ondanks die verskeidenheid van sy opleidingsgeriewe is daar sekere belangrike studierigtinge waarvoor Stellenbosch nog nie voorsiening maak nie. In hierdie verband kan bv. Tandheelkunde en Lugvaartkundige Ingenieurswese genoem word. Met genoeë kan egter vermeld word dat die Universiteitsraad ook in hierdie verband reeds die betreffende besluite geneem het; die Regering het inderdaad ook alreeds die instelling van albei hierdie studierigtinge op Stellenbosch goedgekeur, en die nodige ondersoekingswerk in verband met geboue, toerusting en personeel word op die oomblik deur die Universiteit gedoen.

Daar bly egter nog ander studierigtinge oor waarvoor tans nog nie aanvoorwerk gedoen is nie, maar wat seker nie onbepaald agterweë sal bly nie. Hoe lank sal Stellenbosch bv. nog sonder 'n Fakulteit van Argitektuur wees? Immers, die behoefte daaraan is lankal gevoel; en ook sal dit vir die Universiteit, wat 'n bloeiende Fakulteit van Ingenieurswese het , nie 'n duur fakulteit wees om te stig nie. Ook sal die Universiteit se Departement van Veeartsenykunde miskien tot 'n Fakulteit van Veeartsenykunde ontwikkel word, d.w.s. indien voldoen moet word aan versoeke van boereverenigings en landbou-unies, wat al herhaaldelik gevra het dat sodanige fakulteit op Stellenbosch gestig moet word.

Die Universiteit sal, naas voorsiening vir ~~ernstige~~ sekere studierigtinge, in die toekoms ook aan 'n baie aansienlike ontwikkeling van sy fasiliteite vir gesonde ontspanning en oefening vir sy studente aandag moet skenk. In Coetzenburg, met sy Departement van Liggaamlike Opvoeding en sy sportvelde, het die Universiteit op sportgebied 'n besitting wat in Suid-Afrika nie maklik geëwenaar kan word nie, maar Coetzenburg, met die buurgrond Vergenoeg wat onlangs ook deur die Universiteit aangekoop is, sal nog veel meer ontwikkel, moet word, en die proses is ook reeds aan die gang, soos die huidige bedrywighede op Coetzenburg oorvloediglik aantoon. Aldus hoop die Universiteit om sy aanvaarde standpunt nog verder deur te voer, nl. dat 'n gesonde gees en 'n gesonde liggaam onlosmaaklik bymekaar hoort.

Al sulke toekomsplanne sal begryplikerwyse groot fondse eis. Die gewone finansieringsbronne, soos studentegelde en regeringsbydraes, sal op verre na nie voldoende wees nie, en daarom het die Universiteit vyf jaar gelede met die insameling van 'n groot Eeufeesfonds begin. Ons is dankbaar om te kan sê dat hierdie fonds nou sy gestelde doelwit van R4,000,000 nader. Dit is met behulp van hierdie fonds dat ons hoop om ons toekomsplanne ten uitvoer te bring.

Neem ons dan vlugtig 'n toekomsblik dan sien ons ~~in~~ op Stellenbosch 'n universiteit wat, ooreenkomstig sy historiese karakter, in die eerste instansie die Afrikaner dien; 'n universiteit wat, ten spyte van probleme, grootse planne vir die toekoms uitwerk; 'n universiteit wat, op realistiese wyse, die nodige finansiële voorsiening probeer maak. Ons sien 'n universiteit wat nie twyfel oor sy karakter nie, en wat met dankbaarheid en Godsvertroue die toekoms ingaan, vasbeslote om daardie karakter ongeskonde te bewaar.

* * * * * * * * * * *